LIEFDE IS ...

Ons weet al!
Ek sal nie verbaas wees as julle so reageer as julle die opskrif van hierdie hoofstuk lees nie. Want teen hierdie tyd is jy al “warm” gepraat oor die verhouding met die teenoorgestelde geslag.
Party dominees gee mos graag hulle menings daaroor, op jeugkampe moes julle al in die laerskool na hierdie “prikkelende” onderwerp luister, julle maats spot of kriewel nuuskierig as brokkies en stukkies oor vry en seks uitlek, baie Afrikaanse tydskrifte bombardeer ons deesdae met rubrieke oor die intieme dinge van die lewe en, die belangrikste, jyself dink én doen natuurlik al lankal in hierdie rigting.

Dit alles sê vir ons een ding: julle is gereed om met mekaar en met ons 'n behoorlike gesprek oor die romantiese liefde te voer. Julle weet genoeg, en het al soveel idees oor die saak, dat julle met gemak al is party 'n bietjie ongemaklik hierdie onderwerp op julle eie kan begin. Daarom gaan júlle vandag die meeste praat.

Die doel is nie seksvoorligting of die tradisionele “wat elke ou/meisie behoort te weet” nie. Ons wil 'n bietjie dieper gaan as dit. Natuurlik sal ons in die loop van die gesprek na die seksuele kante van so 'n verhouding verwys, maar ons wil eintlik oor die aspekte van 'n goeie verhouding praat. Dalk pak jy so 'n verhouding hierna op 'n beter manier aan.

Hierdie hoofstuk bestaan uit drie dele: eerstens 'n voorstel vir 'n bespreking, daarna inligting oor wat ander meisies en ouens (ook so 17-18 jaar) oor hierdie onderwerp gesê het, en derdens 'n aantal afleidings uit die Bybel oor romantiese liefde. Gebruik dit alles soos julle goeddink.

Voorstel vir 'n bespreking

Die voorstel is dat julle begin met 'n bespreking waaraan die ouens én die meisies deelneem. As julle te min graad 12's in julle kommando vir 'n lekker bespreking is, maak 'n ander plan. Gooi die matrieks van 'n paar kommando's saam of nooi julle romantiese “naasbestaandes” uit wat nie Voortrekkers is nie. Oorweeg dit om die bespreking in die aand te reël en sorg vir 'n romantiese atmosfeer. Selfs sommige van die ouens sal, as julle hulle die kans gee, goeie idees hiervoor optower. Julle sou na die tyd ook gesellig kon verkeer.
Om die gesprek glad te laat verloop en van die begin af goeie inligting te gee, kan julle 'n volwassene wat die saak “ken”, vra om as gespreksleier op te tree en moontlik tussendeur ook kommentaar te lewer. Laat genoeg tyd toe vir 'n sinvolle gesels 'n uur of meer. Julle sal weet hoe geselserig die deelnemers in julle groep is. Laat die meisies eerste antwoord op die vraag:

“Na watter dinge soek ek in 'n verhouding?

Om goed te verstaan wat hulle sê, kan die seuns tussenin vra wat 'n bepaalde meisie met 'n sekere opmerking bedoel. Die seuns sou natuurlik ook dadelik hulle mening oor die voorkeure wat die meisies uitspreek, kon gee. Die gespreksleier kan hierin baie help. Hierna kan die ouens hulle antwoorde op die vraag gee, terwyl die meisies op hulle beurt weer met die seuns oor hulle antwoorde in gesprek kan tree.

Die bespreking kan afgesluit word met die inligting wat verder in hierdie hoofstuk voorkom. As hy/sy nie reeds in die antwoorde op die vraag daarna verwys het nie, kan die gespreksleier dit opsom. Een van die spanlede, of almal om die beurt, sou dit natuurlik ook kon doen.

Waarna soek ander Afrikaanssprekende meisies in verhoudings?

Kom ons luister na die voorkeure van ongeveer 600 skoolverlaters op vier kampe 'n paar jaar gelede.
As hierdie meisies met die ouens praat, wil hulle heel eerste hê dat die ouens 'n idee sal hê wie voor hulle is as hulle breedweg met Afrikaanse meisies te make het. Op die vraag “Wie is ek?”, antwoord hierdie meisies die volgende.

Wie is ek, die meisie?

Ek is ... mal oor romanse. Ek het al gehoor dat jy en jou seunsvriende baie aan seks dink. Dit maak my 'n bietjie skrikkerig vir julle, omdat ek bang is dat julle dalk net in 'n lekker tydjie belangstel en nie dieper kyk nie. Boonop kan seks my baie meer skade doen as vir jou.

Ek is ook ernstig oor seks, maar romanse is vir my belangriker. Ek praat van die klein dingetjies wat jy kan doen om my spesiaal te laat voel. 'n Blommetjie (gesteel of nie), 'n klein verrassinkie of 'n voorstel wat wys dat jy opgewonde oor “ons” is, dit alles kan my dag maak. Ek droom oor 'n sterk, sjarmante ou wat my geestelik en fisies veilig laat voel, maar 'n gewone ou wat redelik seker van homself is, is ook goed.

Ek moet sit en wag. Al het tye verander, en al kan meisies die inisiatief neem om met ouens kontak te maak, bly dit vir my 'n ongemaklikheid. Ons is mos so grootgemaak: julle moet die jagters wees en dan mag ons nie eers vreeslik gretig lyk nie!

Ek is meer as net 'n gesiggie en 'n lyfie. Alle meisies is nie leë doppe nie. Ek dink oor baie dinge en wil dit graag met jou bespreek en oor interessante dinge met jou gesels. Daarom vind ek ouer ouens as julle in my standerd soms meer begrypend. Jy kan ook maar weet: dit is harde werk om mooi te lyk. Veral as ons die indruk kry dat julle ons met die tydskrif en fliekmeisies vergelyk. Dit is vir my belangrik dat jy in my as mens belangstel en nie net in my lyf nie. En komplimente oor my voorkoms selfs as ek nie grimering aan het nie beteken vir my baie.

Ek hou van ouens! Soms irriteer julle my 'n bietjie. Soms is ek rêrig bang vir julle. Maar julle interesseer my en ek hou julle fyn dop. Ek droom van die regte ou en sal bly wees as julle uit julle kassie klim en kom gesels.

Wat soek ek in uitgaan of in 'n verhouding?
Ek gaan dit nie alles tot in die fynste detail vir jou uitspel nie, maar gaan tog reguit en op die punt af wees. Ek soek die volgende in 'n ou:
Rondom sy selfbeeld:
Verwaandheid en dominering is uit. Moenie my probeer domineer omdat jy nie seker van jouself is nie. Op die ou end vind ek jou uit en dan is ek teleurgesteld. Net so gaan skaamheid nie regtig by my af nie. Vergeet van jouself en gee jouself!

Wees bedagsaam: dink ook aan ander mense en aan my. Neem my gevoelens en behoeftes in ag. Ek wil oortuig word dat jy my as mens ernstig neem. Juis daarom soek ek respek en aanvaarding. Moenie tussen julle vir my “bates” 'n punt uit 10 gee of sisgeluide voor jou vriende maak as ek verbykom nie. As jy wil hê ek moet jou respekteer, moet jy dit met my ook doen. Ek sal dit ook waardeer as jy jou meerderes én jou minderes met respek behandel. Dit sê iets van 'n mooi innerlike.

Wees eg as jy my komplimenteer. Anders kan jy dit maar los. En moenie altyd daarop uit wees om aandag te trek nie. Nie met 'n kar, 'n motorfiets of iets anders nie. Jy maak 'n krater van jouself.

Rondom sy persoonlikheid:
Wees vriendelik. Dit help my om met jou vriendelik te wees. En as jy openhartig en eerlik is deur presies te sê hoe jy voel, leer ek om jou te vertrou en jou ook so te hanteer. Geduld as ek laat is omdat ek wil mooi lyk, of omdat ek as vrou soms in ander dinge as jy wat man is, belangstel, is beter vir ons albei. Ek soek verder by jou goeie maniere sodat ek my nie vir jou hoef te skaam nie. O ja, en onthou om dankie te sê as ek iets vir jou doen.

Ek verkies dat jy nie rook nie, en omtrent al my vriendinne stem saam dat dit walglik is as jy jou manlikheid met sterk drank of 'n gevloek probeer bewys. Lag saam met my oor die snaakse dinge van die lewe. Ek soek by jou humor, maar dit beteken nie dat jy my gedurig op 'n geforseerde manier moet vermaak nie. Wees asseblief positief en spontaan sonder om te oordonder.

Rondom sy manlikheid:
Neem leiding: in ons verhouding of selfs as ons net vriende is. Neem die maklike én die moeilike besluite nádat jy met my gepraat het. Ek het groot waardering vir 'n ou wat tussen reg en verkeerd kan onderskei en volg hom graag. Ek hou ook van 'n ou met gesonde ambisie. Dit moet net nie sy lewe oorheers sodat hy op ander trap en my afskeep nie.

Vir my is manlikheid om te weet wanneer om sterk en ferm te wees en wanneer om sag, begrypend en teer te wees. Jy kan dit mettertyd aanleer! Mans wat te maklik huil, is 'n verleentheid, maar soms wys dit dat jy ook 'n mens is as jy huil. Wys jou gevoelens, want so voel ek nader aan jou.

Hoe jy lyk, is nie alles nie, maar ook nie onbelangrik nie. 'n Spierkas laat die meeste van ons gril: mooi oë en 'n ferm lyf trek ons aan. Wees asseblief skoon en netjies op jouself. Wees in die mode maar trek aan waarvan jyself hou. En ja, hou matigheid voor oë met die onderarmgoed!

Rondom sy Christenskap:
Ek het respek vir 'n ou wat op 'n mooi manier uitkom vir sy Christenskap en nie bang is om standpunt in te neem nie. Selfs al is ons net vriende, wil ek weet dat jy in dit wat jy voor my sê en doen, eg en betroubaar is. Ek wil eintlik graag by jou geestelike leiding kry, maar sal dit ook waardeer as jy na my oortuiging luister en ons die ding saam

kan doen. Ek is gekant teen seks voor die huwelik. Daarom moet jy wat met 'n maagd wil trou, self ook nie voor die huwelik hierdie soort kirpatse aanvang nie.

In die algemeen wil ek vir jou nog die volgende kortliks sê:
Oor vriendskap in 'n verhouding:

- Of ons vriende is en of ons vas uitgaan: moenie my probeer verander nie. Aanvaar my soos ek is.
- As jy sien dat iets my pla en ek wil nie daaroor praat nie, moenie my kwalik neem of dreig nie. Ek sal moontlik later daaroor praat of gou daaroor kom.
- Moenie altyd ligsinnig wees nie. Ek wil soms oor ernstige dinge ook praat.
- Moenie net oor jou eie dinge en oor jouself praat nie. Ek luister graag, maar wil ook hê dat jy my oor myself uitvra.
- Onthou, ons meisies is oor die algemeen meer sensitief as julle. Dit is dus ook belangrik hóé jy met my praat. Wees eerlik en openlik sonder om kru te wees.
- Ek wil nie regtig met jou gewoonweg stoei of fisies kragte meet nie. Speel mooi en 'n bietjie versigtig met my, al is ek 'n fikse en sportmal meisie.

As daar iets spesiaals tussen ons is:

- Moenie aan die begin haastig of oorrompelend wees nie: nie met die vasmaak van 'n verhouding nie, nie met die fisiese nie, nie met goedkoop liefdeswoordjies nie, nie deur al die kaarte van jou hart dadelik op die tafel te plaas nie. Daar moet eers begrip oor wat ons vir mekaar voel, tussen ons groei. Jy moet egter van die begin af eerlik wees en my nie onder 'n wanindruk bring nie. Ook as jy nie meer belangstel nie. Jy laat my vreeslik goedkoop voel as ek uitvind jy was net agter my lyf aan.
- Daar is baie ander meisies wat te vinde is vir 'n oppervlakkige verhouding en 'n vinnige, lekker vry. Ons is egter nie almal so nie.
- As ek nie regtig van jou hou of vir 'n verhouding kans sien nie, sal jy dit ook uit my houding agterkom: hoe ek op jou geselskap en toenaderings reageer. En as ek wil hê jy moet aanhou, sal ek dit ook vir jou wys.
- Moenie my by jou vriende en kennisse slegmaak as ek jou nie jou sin gee nie.
- Behandel my asseblief soos 'n dame en die een wat vir jou baie spesiaal is. Ek wil hê jy moet trots wees op my sonder om te veel met my te spog.
- Jaloesie, besitlikheid en dominering versmoor my.
- Ons moet soms alleen wees, maar ons moet ook saam in groepe kan funksioneer.
- Praat met my oor hoe jy voel, komplimenteer my asseblief en sê gereeld waarom jy lief is vir my. Gereeld is vir party meisies natuurlik meer gereeld as vir ander.
- As liefdesleier is jy saam met my verantwoordelik vir hoe ver ons fisies gaan. Moenie dat ek die gevoel kry dit is net ek wat altyd moet keer nie. Dit skep by my die indruk dat jy my nie regtig respekteer nie. Boonop verloor ek vertroue in jou, al voel ek baie vir jou en al wil ek jou nie teengaan of seermaak nie.
- As jy aan ander mense vertel wat fisies tussen ons gebeur, voel ek verraai. Dit is ons eie intieme sake.

Vir jou mag dit klink asof ek baie gepraat het. Dalk is dit so, maar jy moet ook weet dat ek ernstig is oor hierdie dinge.

Wat soek 'n Afrikaanssprekende ou in 'n verhouding?
Meer as 350 ouens op dieselfde kampe antwoord ook hierop deur te begin met die vraag:

Ek hou van meisies. Ek is baie bewus van julle teenwoordigheid en gee om wat julle van my dink. Ek hou daarvan om die een in wie ek belangstel, op 'n troontjie te plaas. My gevoel van manlikheid hang tot 'n groot mate daarvan af of jy van my hou en my aanvaar of nie. Daarom kan jou skewe aanmerkings en kritiek my maklik seermaak en verneder.

Al is die meeste van ons van kleins af geleer om nie sentimenteel te wees nie, is baie van ons net so sentimenteel soos die meisies. Wees dus geduldig as ek hierin 'n bietjie lomp optree. Verder speel my oë 'n groot rol in my lewe. Wees versigtig met wat jy deur jou lyf of optrede sê. Ek dink waarskynlik meer as jy aan seks en raak makliker opgewerk. Selfs al is daar nie liefde by betrokke nie. Moet egter nie hieruit aflei dat alle mans wolwe is wat bloot seksueel wil verower nie.

Waarvan hou ek in 'n meisie?
Ek hoor dat julle soms wonder hoe julle ouens se aandag kan trek. Jy kan natuurlik uitlokkend aantrek en optree en op dié manier 'n paar manne se bloeddruk opjaag. Dié soort belangstelling van sommige van ons is egter bolangs en tydelik en sit agterna maklik om in veragting. Die meeste van ons soek iets anders om ons te prikkel om 'n meisie beter te leer ken.

Natuurlik is jou voorkoms belangrik. Daarby is verskillende meisies vir verskillende ouens mooi. Vir iets meer permanent moet jy my aandag egter met jou vroulikheid, vriendelikheid en die feit dat jy nie seksueel goedkoop oorkom nie, trek. Dit neem langer as die eerste metode, maar die gevolge is beter. As ouens jou uitlokkend of goedkoop “lees”, terwyl jy dit nie bedoel nie, moet jy selfondersoek doen.

Wees eerlik, opreg en natuurlik in jou verhouding tot my. Moenie my aan 'n lyntjie hou nie. Moet ook nie aangeplak wees met jou voorkoms, lag, praat en optrede - en iets anders voorgee as wat jy werklik is nie. Wees “genadig” as jy op my toenadering reageer. Ek moet die eerste skuiwe maak. As jy nie belang stel nie, sê dit eerlik en vriendelik sonder om my te verneder. Wees ook eerlik en ferm as jy jou belangstelling in 'n verhouding wat jy het, verloor. Dit help om alles gouer agter die rug te kry.

Die meeste van ons voel sterk daaroor dat jy goeie maniere sal hê. Sê dankie as ek iets vir jou doen - selfs as ek jou eerste by die deur laat instap. Ons soek dit nie dat julle rook, vloek, drank misbruik of vuil grappe vertel nie. Vroulikheid beteken vir ons dat jy sag, fyn, warm, anders as 'n man en “duur” is én sekere rondings het. Dit beteken hoegenaamd nie dat jy hulpeloos en oninteressant moet wees nie. Doen soms ook sport of buitelugdinge saam met ons.

Die meeste van ons sien dit raak en waardeer dit as jy jouself goed versorg. Moet asseblief net nie al die mooimaakgoed wat jy het, op een aand aan jouself opgebruik nie. Ons is nie regtig mal hieroor nie. Daarom, hou matigheid voor oë. Jy is mooi as jy in die mode is, maar “sexy” as jy daarby aantrek wat by jou, jou figuur en die geleentheid pas. As jy wil hê dat ek ernstig moet wees oor jou, moet jy nie uitlokkend aantrek nie. En as jy in jouself glo, is dit soveel lekkerder om jou vriend te wees. Skaamheid, 'n oordrewe onderdanigheid óf 'n neiging om jouself te laat geld, dui alles op 'n swak selfbeeld. Stel belang in wat ek doen sonder om dit te oordoen.

Gelowige ouens hou daarvan dat daar 'n uitdaging is. 'n Meisie moenie oorgretig lyk om met 'n verhouding te begin nie. Dan is die uitdaging weg en verloor hulle maklik belangstelling. Hulle glo aan seks binne die huwelik. Tog geniet hy dit as die meisie vir wie hy iets spesiaal voel, aan hom vat, hom druk en sê wat lekker is. Sy moet net nie die indruk skep dat sy goedkoop is of by hom aanlê nie.

As jy 'n kind van God is, wys dit openlik.

'n Paar laaste dinge:
Ek vra ook van jóu betroubaarheid wanneer ons kontak of 'n verhouding het. Moenie van my skinder of my verneuk met iemand anders nie. Aanvaar my soos ek is. Wees spontaan en moenie altyd vir alles ja sê nie. Jy moet egter ook leer wanneer om toe te gee.

Vertrou my met die dinge wat vir jou belangrik is en sê vir my hoe jy werklik voel. Ek sal regtig probeer om sensitief te reageer. Jy moenie net 'n aanhangsel van my word nie. Moenie my met van jou vorige kêrels vergelyk of flankeer nie. Ek wil nie dink dat ek 'n goedkoop meisie het nie en ek wil ook nie hê ander moet so dink nie.

Wat sê die Bybel?
Noudat hierdie meisies en ouens van so 'n jaar gelede hulle sê oor die romantiese dinge van die lewe gesê het, is dit 'n vraag of hulle standpunte klop met die Bybel. Is hierdie skoolverlaters met hulle opvattinge oor hierdie soort liefde binne God se wil?
Vir 'n Voortrekker is hierdie vraag natuurlik altyd belangrik, omdat ons in alles wat ons dink, begeer en doen, op 'n Bybels-Christelike grondslag wil wees.
Miskien moet ons eers kortliks stilstaan by wat die Bybel nie oor romantiese liefde sê nie. Die Bybel:

- bevat nie 'n sekshandleiding nie.
- gee nie 'n volledige lys van die vereistes vir 'n goeie verhouding nie
- verduidelik nie direk hoe jy moet vasstel of dit die regte een vir jou is nie.

En tog sê die Bybel genoeg oor die saak sodat ons daarmee kan regkom. Kom ons neem byvoorbeeld die lied van die liefde of, Salomo se mooiste lied (1:1), die boek Hooglied. As Hooglied oor die ware romantiese liefde tussen man en vrou praat, kom die volgende vereistes na vore:

- Dit bestaan uit 'n hartsverbondenheid van albei aan mekaar: 'n verbondenheid van die volle mens na siel en na liggaam (4:9; 8:6,7).
- Hy en sy is vir mekaar mooi, hulle geniet mekaar se geselskap én mekaar se liggame (1:15, 16;7:6).
- Dit gaan om een man en een vrou in 'n liefdesverhouding (4:9; 6:8,9).

As ons afleidings vanuit hierdie vereistes moet maak, kom ons by baie van die mooi dinge uit wat hierdie byna

1000 skoolverlaters aan romantiese liefde gekoppel het: respek oor en weer, daar kan net een spesiale verhouding op 'n keer wees; hy plaas haar op 'n troontjie en gun haar haar volle lewe en vroulike dinge; betroubaarheid en vertroue van altwee kante; hartstog is nie verkeerd nie, maar dit moet saam met die liefde kom; lekker gesels en maatswees én lekker vry as jy regtig omgee; diep omgee; wedersydse vertroue; liefdeskommunikasie deur te let op jou voorkoms; eerlikheid; geestelik lekkerkry omdat jy liefhet; en sekerheid dat jy die regte een gevind het as hierdie vereistes oor 'n tyd in julle verhouding bly, as dit groei én die toets van die tyd deurstaan. Hooglied is nie vir bakvissies of giggelende, onseker tieners nie, maar vir mense wat romantiese liefde reg wil verstaan en reg waardeer.
En as jy dalk wonder waarom die kerk so teen voorhuwelikse seks gekant is,lees maar Deut 22 vers 12-21, 28-29 en 1 Kor 7 vers 8 en 9. As jy God en jou meisie/ou liefhet, sal jy hierdie opdrag eerbiedig en dit sal jou op die lang duur bevoordeel. God gee die huwelik juis as 'n beskermende tuiste waarbinne man en vrou volledig - soms met worsteling - by mekaar kan aanpas.

Moenie voor die huwelik leef asof jy reeds getroud is nie. God het dit nie verniet ingestel nie. Onthou, elke verhouding voor die tyd is slegs 'n inoefening van die basiese vaardighede, die wedstryd is later. En om die wedstryd te begin, het jy 'n “neutrale” skeidsregter nodig wat gedurende die wedstryd ook van buite toesien dat die reëls gehandhaaf word: die predikant en ander mense kragtens God se Woord en die Wet op Huwelike. In Deut 22 is hierdie mense die leiers van die stad. 'n Romantiese verhouding funksioneer nie op 'n eiland nie. Die Here gebruik ander mense om ons aan ons beloftes teenoor mekaar en voor Hom te herinner as dit lyk asof ons dit vergeet.

Liefde is ... van God!

BOEKE:

Fanie Pretorius en Lukas Meyer:	Liewe meisie, my liewe ou	Kaapstad: Lux Verbi	1986.
GC Aalders:	Het Hooglied.	Kampen: Kok	1952.
Doen Hugo:	Op die drumpel.	Bloemfontein: Sacum	1974.